2008
Grand Champion on the
SA Championship Show in Port Elizabeth

Exhibitor:
Willie van Zyl, Pretoria

Oktober 2008 uitgawe

Druk hierdie blad eerste op skoon vel papier

BEOORDELAARSHANDLEIDING

2008 / 2009

HIERDIE IS 'N DOKUMENT
VAN DIE
SUID - AFRIKAANSE
SIERDUIFVERENIGING

(Die boekie moet rug aan rug uitgedruk word)

Indeks

1.	**DIE BEOORDELAARSFORUM VAN DIE SASV ...**	**p 3**
2.	**Posbeskrywing: Nasionale Beoordelaarsbeampte (Voorsitter)**	**p 5**
3.	**Werkswyse: Nasionale Beoordelaarsbeampte van die Suid-Afrikaanse Sierduifvereniging**	**p 6**
4.	**Posbeskrywing: Vise-Voorsitter**	**p 9**
5.	**Posbeskrywing: Sekretaris**	**p 9**
6.	**Posbeskrywing: Streekbeoordelaarsbeampte**	**p 10**
7.	**Beoordelaars**	**p 11**
8.	**Standaardeboek**	**p 15**
9.	**Bevordering van beoordelaars**	**p 15**
10.	**Stigting van Spesialiteitsklubs**	**p 16**
11.	**Kleurklasse**	**p 17**
12.	**Nuwe rasse**	**p 17**
13.	**Griewe - en Disseplinêre prosedures**	**p 17**
14.	**Reëls en vereistes vir beoordelaars**	**p 18**
15.	**Reëls waaraan voldoen moet word**	**p 19**
16.	**Gedragskode vir beoordelaars**	**p 20**
17.	**Skou- en loophokke**	**p 21**
18.	**SASV Aansluitingsvorm**	**p 22**
19.	**Junior lede**	**p 22**
20.	**Vennootskappe**	**p 23**

Druk hierdie blad op die rugkant van die eerste blad

19.2 Twee junior lede mag ook as ‘n vennootskap by die SASV aansluit.
19.3 Daar mag ook ‘n junior/senior vennootskap wees.
19.4 Die voorwaardes waarop junior lede aan skoue mag deelneem sal geskied ooreenkomstig die reëls soos van tyd tot tyd deur die Algemene Jaarvergadering neergelê word.
19.5 Die toekenning van pryse en ander eerbewyse aan junior lede sal geskied ooreenkomstig die reëls soos van tyd tot tyd deur die Algemene Jaarvergadering neergelê word.

20. Vennootskappe

20.1 Twee lede mag gesamentlik as ‘n vennootskap by die SASV aansluit teen betaling van die ledegeld vir ‘n vennootskap bepaal. ‘n Vennootskap mag nie uit meer as twee lede bestaan nie, behalwe waar lede van ‘n huisgesin wat jonger as 18 jaar is, as ‘n vennootskap aansluit, in welke geval die vennootskap uit soveel lede van die betrokke huisgesin, as wat by die SASV wens aan te sluit, mag bestaan.

Die Einde

17.3.3 **C – Tipe hok:** Engelse Barb, Indianer, Mookee, English Shortface Tumbler, Helmet,Vienna Shortface Tumbler, Vienna Longface Tumbler, Show Roller, Bellneck Roller, Hamburg Schimmel, SA Botternek Tuimelaar, Berlin Shortface Tumbler, Komorner Tumbler, Felegyhauzer Tumbler, Polish Krymka, Budapester Stork Tumbler, African Owl, English Turbit, Oriental Turbit, Ou Duitse Meeu, Ou Hollandse Meeu, Duitse Skild Uil, Antwerp Smerle, Sjinese Uil, Birmingham Roller, Working Homer, Bodemtuimelaar, Damascene, Hollandse Hoogvlieër, Memelse Hoogvlieër, Kaalbeen Ysduif, Arabiese Lagduif, Starling, Nuremburg Lark, Danish Suabian, Domestic Show Flight, Domestic Flying Flight, Skoorsteenveër, Steinheimer Bagadet, Stargard Shaker, Archangel, Gimpel, Danzig Highflier, Ptarmigan, SA Distance Roller en SA Skouposduif.

17.4 Wat egter in gedagte gehou moet word is dat duiwe wat in C tipe hokke geskou kan word net so wel in B tipe hokke ook geskou mag word. Dit mag egter nie andersom gedoen word nie.

17.5 **Beoordelaars- of Loophokke**

17.5.1 Oor hierdie onderwerp is daar baie geskryf. Oor die jare heen het dit dan ook gebeur dat Spesialiteitsklubs besin het oor die tipe loophok wat hulle benodig en of hulle duiwe uit die skouhok gehaal moet word of nie. Van die kleiner rasse het nie ‘n probleem om in een loophok beoordeel te word nie indien die groep duiwe nie te groot is vir die loophok en die hok die regte grootte, regte hoogte met die regte hek grootte is nie. Die tendens is dat al meer Spesialiteitsklubs, veral vir die groter tipe duiwe hul eie beoordelaarshokke wil hê, wat min of meer dieselfde grootte as die skouhok is waarin die duiwe staan. In hierdie gevalle moet die aantal beskikbare hokke die wees van die grootste kleurklas wat ingeskryf is.

17.5.2 In Amerika waar die tipe van beoordeling vandaan kom word geen duiwe meer in groot loophokke beoordeel nie. Dit lyk of dit hier ook meer en meer posvat. Streekbesture word dan ook versoek om wanneer daar nuwe hokke gebou word van verstelbare staanders gebruik te maak sodat die beoordelaar dit vir hom/haar tot die gemaklike hoogte kan stel.

18. SASV Aansluitingsvorm.

Hierdie is ‘n belangrike vorm en dit moet korrek ingevul word anders kan daar heelwat ongerief ontstaan met bv. die verskaffing van ringe, die korrektheid van die inligting op die ledelys ens. Indien u nie seker is nie moet u verkieslik die Nasionale Ringmeester kontak of ‘n persoon op u plaaslike Streekbestuur.

19. Junior lede

19.1 Ten einde die sierduifsport onder die jeug te bevorder mag persone onder die ouderdom van 18 jaar as junior lede by die SASV aansluit.

Druk nou hierdie blad op skoon papier

1. DIE BEOORDELAARSFORUM VAN DIE SASV

Naam:

Die naam sal die Beoordelaarsforum van die Suid-Afrikaanse Sierduifvereniging wees, wat gestig is op 9 Julie 2001. Die Beoordelaarsforum funksioneer onder gedelegeerde bevoegdheid van die Uitvoerende Komitee en het die volgende ten doel:

1.2 **Doelstellings:**

1.2.1 Moet toesien dat ‘n haalbare stelsel vir beoordeling, opleiding en gradering van beoordelaars daar gestel word.

1.2.2 Om sake rakende beoordelaars, beoordeling, duifrasse en standaarde te ondersoek en voorstelle voor te lê aan die Uitvoerende Komitee van die SASV. Die Uitvoerende Komitee sal dan soos die grondwet bepaal, aanbevelings doen aan die Algemene Jaarvergadering van die SASV waar lede die finale besluit sal hê.

1.3 Grondwet:

Die Beoordelaarsforum onderwerp hom aan alle artikels van die SASV, grondwet,”by laws” en enige ander reëls en regulasies van die SASV.

1.4 Lidmaatskap:

1.4.1 Alle gekwalifiseerde beoordelaars is outomaties lid van die Beoordelaarsforum en het volle stemreg op die vergadering wat jaarliks tydens die SA Kampioenskapskou gehou word.

1.4.2 Enige gekwalifiseerde beoordelaar kan deur sy/haar streek benoem of verkies word tot Beoordelaarsbeampte van die betrokke streek vir ‘n termyn van 3 (drie) jaar met bywoningspligte van die eerste Beoordelaarsforum vergadering tydens die jaarlikse SA Kampioenskaps byeeneenkoms.

1.5 Finansies:

Geen afsonderlike bankrekening of enige vorm van finansies insluitend ‘n kleinkas sal bedryf word, anders as deur die Nsionale Tesourier van die SASV soos tans van krag is nie.

1.6 Samestelling van die Beoordelaarsforum:

1.6.1 Die strukturering en funksionering sal van tyd tot tyd deur die lede van die Beoordelaarsforum bepaal word en dit moet deur die Algemene Jaarvergadering van die SASV goedgekeur word.

1.6.2 Die dagbestuur sal saamgestel word uit die volgende:

a. Voorsitter. (Nasionale Beoordelaarsbeampte)

b. Vise-Voorsitter.

c. Sekretaris.

d. Kundige adviseur/s in kleure en teling (Soos en wanneer benodig).

1.6.3 Die Voorsitter, Vise-Voorsitter en Sekretaris sal deur die lede van die Beoordelaarsforum verkies word vir ‘n termyn van drie (3) jaar. Die voornoemde poste sal om die beurt verstryk om kontinuteit te verleen

aan die bestuur.

1.6.4 Die Voorsitter van die Beoordelaarsforum sal outomaties die pos van Nasionale Beoordelaarsbeampte van die SASV beklee op die Dagbestuur van die Uitvoerende Komitee.

1.6.5 Kundige adviseurs kan gekoöpteer word deur die Dagbestuur soos die behoefte hom voordoen.

1.6.6 Elke streek moet 'n Beoordelaarsbeampte op sy Algemene Jaarvergadering vir 'n tydperk van drie (3) jaar verkies en die besonderhede binne dertig (30) dae aan die Sekretaris van die Beoordelaarsforum deurgee. Let wel, die kandidaat moet reeds 'n beoordelaar van die SASV wees. Indien die persoon die streek verlaat of onaktief raak behou die streek die reg om die pos deur koöptasie te vul vir die oorblywende tyd van die drie jaar termyn.

1.6.7 Die taak van die Dagbestuur is die dag tot dag bestuur van die Beoordelaarsforum soos en wanneer nodig.

1.6.8 Weens die feit dat aspekte van beoordeling meestal aktueel is en spoedeisende beslissings en oplossings verg, beskik die Dagbestuur van die Beoordelaarsforum oor uitvoerende en beslissingsmagte, uitgesluit sake wat oor die volgende handel:

1.6.8.1 Sake waar finansiële implikasies tersprake is.

1.6.8.2 Gevalle waar tugmaatreëls ter sake is.

1.6.8.3 Sake wat deur die grondwet, Uitvoerende Komitee of Algemene Jaarvergadering spesfiek uitgesluit is.

1.7 **Werksopdragte van die Beoordelaarsforum**:

1.7.1 Bepaal grootte van skou- en beoordelaarshokke vir elke ras.

1.7.2 Bepaal of betrokke duifras/se in skou- of beoordelaarshokke beoordeel behoort te word.

1.7.3 Bepaal watter ras/se hanteer word tydens beoordeling en watter nie.

1.7.4 Bepaal ring groottes vir verskillende rasse asook hersiening daarvan.

1.7.5 Daarstel van 'n standaard stelsel vir beoordeling tydens hooftoekenings op Streek - en Kampioenskapskoue, asook enige ander skou wat onder die vaandel van die SASV sou plaasvind.

1.7.6 Daarstel van kreiteria vir die inbring van nuwe rasse in die skouskedule asook die hantering van aansoeke vir bogenoemde, en die nodige voorstelle voorlê aan die Uitvoerende Komitee van die SASV.

1.7.7 Daarstel van 'n skouskedule.

1.7.8 Daarstel van die nodige skoureëls.

1.7.9 Die op datum hou van alle rasstandaarde soos bepaal deur die SASV. Sorg dra dat die SASV altyd in noue kontak bly met die res van die wêreld om te verseker dat duiwe en standaarde nie agter raak of afdwaal nie. Die SASV kan bevoorbeeld inteken op buitelandse tydskrifte.

1.7.10 Voorstelle aan die Uitvoerende Komitee voorlê insake wysigings aan huidge stelsels met betrekking tot toetsing en opgradering van beoordelaars, soos byvoorbeeld die toetsing van voornemende beoordelaars en bevordering na Senior Beoordelaar.

1.7.11 Verseker dat Streekbeoordelaarsbeamptes met die hulp van die

Druk hierdie blad op die rugkant van die vorige blad

mnre. Cas de Waal, Gert Bierman en A Ingle.

ONTHOU DIE ENIGSTE MANIER OM 'N VRIEND TE Hê IS OM SELF EEN TE WEES.

17. Skou- en loophokke:

17.1 Deur die jare is daar baie skou- en loophokke gemaak, van verskillende grootes en vorms. Tot vandag kan niemand presies sê watter grootte skouhok oorspronklik vir watter ras gemaak is nie. Dieselfde geld vir ronde en vierkantige loophokke. So is daar voortdurend navrae in verband met hok groottes en die tipe loophok wat gebruik moet word.

17.2 Daar is net drie tipe skouhokke wat huidiglik in gebruik is en daarom het ek hulle dan ook as volg genommer: "A", "B", "C". Die C tipe hok is die een wat probleme veroorsaak en daarom wil ek vra dat streke nie meer hierdie tipe hokke bou nie, en al hierdie hokke sal verander of vervang met die B tipe hok. Of dan net die C tipe hokke se hekkies vergroot sodat 'n duif meer gemaklik daarin gesit kan word. Daar is steeds baie duiwe wat in die C hokke kan staan.

Hok:	Breedte	x	Hoogte	x	Diepte
A :	500mm	x	500mm	x	500mm
B :	400mm	x	400mm	x	400mm
C :	300mm	x	300mm	x	300mm

Hek:	Breedte	x	Hoogte
A :	200mm	x	250mm
B :	200mm	x	200mm
C :	150mm	x	150mm

17.3 Met bostaande beskikbare hokke kan elke ras volgens sy uniekheid geplaas word.

17.3.1 **A – Tipe hok:** Runt, American Giant Runt, Cauchois, Hollandse Kropper, English Gaint Pouter, Pomerainian Pouter, Egyptian Swift en Jacobyn.

17.3.2 **B – Tipe hok:** Norwich Kropper, Brunner, Pigmy Pouter, Reverswing Cropper, Shield Cropper, King, Gros Mondain, Carrier, Dragoon, Non, Afrikaanse Troetelduif, Bokhara Trompetter, Engelse Trompetter, Gazzi Modena, Schietti Modena,Fantail, English Cleanleg Baldhead Tumbler, English Cleanleg Longface Tumbler, English Muffed Tumbler, English Saddleback Muffed Tumbler, English Badge Muffed Tumbler, Satinette, Blondinette, Kartelrug, Duitse Skoonheidsposduif, Antwerp, Engelse Skouhomer, American Gaint Homer, American Shou Racer, Capushine, Muffed Ice Pigeon, Scandaroon, Fairy Swallow, Silician Swallow, Magnum, Maltees, Swiss Mondain, Carnau, Indian Fantail, Lahore, Magpie, Strasser, Polish Lynx, Huppe de Soultz (Crested Soultz).

15.3.1 Stel die Hoofbeoordelaar aan.
15.3.2 Bring alle raswenners na vore.
15.3.3 Plaas duiwe volgens reëls in loophokke.
15.3.4 Hanteer die duiwe.
15.3.5 Oorweeg elke duif met die betrokke standaard in gedagte.
15.4.1 Kondisie van alle duiwe moet in ag geneem word.
15.4.2 Vorige prestasies van ‘n duif mag nie in ag geneem word nie.
15.4.3 Niemand mag toegelaat word om die Hoofbeoordelaar te pla nie.
15.4.4 Die Hoofbeoordelaar se keuse is finaal.

15.5 Afronding:
15.5.1 Maak seker dat die beoordelingsdokumente voltooi en onderteken is.
15.5.2 Maak seker dat die korrekte prysplakkers aangebring is.
15.5.3 Bedank die helpers.
15.5.4 Beantwoord vrae van belangstellendes eerlik en vriendelik soder om enige duif af te kraak.

16. Gedragskode vir beoordelaars:
16.1 As rentmeester van een van God se skeppings, die siersuif is ek nederig, beskeie en dankbaar en daarom onderneem ek plegtig en opreg om my in my optrede as beoordelaar deur die volgende kode te laat lei:

- As beoordelaar besef en erken ek dat ek feilbaar is en net ‘n instrument in God se hand is om Sy skepping te bestuur.
- As beoordelaar besef ek ook die geweldige verantwoordelikheid wat op my skouers geplaas word, die verwagtinge wat van my gekoester word en die invloed wat my beoordeling op die vertoner en ander telers het.
  - Ek sal my tekortkominge as mens en beoordelaar erken en my bes doen om daardie tekortkominge te verbeter.
  - Ek sal my altyd waardig gedra omdat ek besef dat dit altyd ‘n voorreg is om te beoordeel en dat ek dit nooit as ‘n reg sal toe-ein nie.
  - Ek sal altyd onbevooroordeeld en met die grootste sorg, deernis en ywer my taak verrig. Daarom sal ek altyd ‘n oop gemoed hê en erken en bely dat ek maar net ‘n mens is en kan fouteer, maar indien ek fouteer sal ek die eerste wees om dit te erken en reg te stel.

16.2 Wanner ‘n beoordelaar gevra word om te beoordeel vra jy slegs sy opinie, na aanleiding van sy/haar kennis en bevoegdhede. Sy/haar opinie kan mos nie verkeerd wees nie!! Almal gaan nie noodwendig daarmee saamstem nie maar vir die dag word die beoordelaar se opinie aanvaar.
16.3 Bostaande is ‘n samevatting van ‘n konsep gedragskode vir beoordelaars, deur Prof. Cobus Verster en die beoordeling van sierduiwe, saamgestel deur AW Ravenscroft bygestaan deur mev. Lettie Reyneke en

Druk nou hierdie blad op skoon papier

Streeksekretaris of ‘n ander persoon die inligting rakende duiwe op sy/haar streek se skou sal deurgee aan die Sekretaris van die Beoordelaarsforum vir die saamstel van die skoustatistieke en punteberekening vir die Willie de Bruyn trofee.
1.7.12 Alle prosedures, taakomskrywings en tersaaklike vorms moet deur die Beoordelaarsforum ordelik bygehou word in ‘n lêer bekend as die “Beoordeelaarsforum: Reëls en Prosedures” en moet op aanbeveling van die Uitvoerende Komitee deur die Algemene Jaarvergadering goedgekeur word. Prosedures, taakomskrywings en tersaaklike vorms wat van tyd tot tyd deur die Beoordelaarsforum saamgestel en goedgekeur is, moet as ‘n integrale deel van hierdie regulasies beskou word. Die nakoming daarvan is derhalwe net so afdwingbaar.

2. Posbeskrywing: Nasionale Beoordelaarsbeampte (Voorsitter)

2.1 **Kwaliteite:**
Die Nasionale Beoordelaarsbeampte moet oor die volgende beskik.
2.1.1 Grondige kennis van die standaard van sover moontlik alle duifrasse in die land.
2.1.2 Goeie organisatoriese en koördinerende bevoegdhede.
2.1.3 Goeie mense verhoudings.

2.2 **Hulpmiddels:**
2.2.1 Standaarde boek en skouskedule.
2.2.2 Volledige lys van alle beoordelaars.
2.2.3 Dokumente vir die registrasie van aspirant beoordelaars.
2.2.4 Opdatum ledelys van die SASV.

2.3 **Taakomskrywing:**
2.3.1 Aanvaar verantwoordelikheid vir die daarstel van die standaarde boek.
2.3.1.1 Wysiging of toevoegings deur die Uitvoerende Komitee goedgekeur aan te bring.
2.3.1.2 Leiding te neem op die gebied van die daarstelling van ‘n verbeterde standaard met betrekking tot elke duifras.
2.3.2 Om veratwoordelikheid te aanvaar vir die opstel van die amptelike skouskedule deur:
2.3.2.1 In samewerking met Spesialiteitsklubs, wysigings aan die skouskedule aan te bring en dit aan die Uitvoerende Komitee voor te lê vir goedkeuring;
2.3.2.2 Die skouskedule vir die volgende periode voor ‘n bepaalde datum tot op druk stadium op te stel sodat dit betyds gedruk en saam met “Die Sierduif” uitgestuur kan word wanneer dit finaal goedgekeur is.
2.3.3 Om verantwoordelikheid te aanvaar vir die ordelike beoordeling op die SA Kampioenskapskou, deur;
2.3.3.1 Jaarliks tydens die middeljaar vergadering van die Uitvoerende Komitee die lys van Beoordelaars, soos benoem deur die Spesialiteitsklubs en deur hom/haar self aangewys, vir die volgende SA Kampioenskapskou

voor te hou;

2.3.3.2 Streke te adviseer met uitnooi van Beoordelaars indien hul dit versoek;

2.3.3.3 Skakel tussen lede en beoordelaars by verskille rakende die intrepetering van die standaard;

2.3.4 Om behoorlik rekord te hou van beoordelaars en die finansiële aspekte rakende die beoordelaarssake, deur;

2.3.4.1 Behoorlike rekord van alle beoordelaars te hou en jaarliks na afloop van die SA Kampioenskapskou 'n opgedateerde lys van beoordelaars en die rasse wat hy/sy kan doen aan die streke beskikbaar te stel;

2.3.4.2 Op gereelde basis (maandeliks) die gelde geïn, deur die toetsing van beooredelaars en verkoop van standaarde aan die Nasionale Tesourier van die SASV oor te betaal. (Twee kwitansieboeke kan hier gebruik word om die taak te vergemaklik).

2.3.5 Die Nsionale Beoordelaarsbeampte moet soveel skoue moontlik bewoon om goeie gesindhede tussen lede en beoordelaars te bevorder.

2.3.6 Leersame artikels op 'n gereelde basis vir die Sierduif te stuur.

2.4 Infrastruktuur:

Die persoon wat die pos van Nasionale Beoordelaarsbeampte beklee moet waar moontlik toegang tot die volgende hê:

2.4.1 Telefoon / selfoon.

2.4.2 Faksmasjien.

2.4.3 Toegang tot 'n fotostaatmasjien vir die maak van beoordelaarsboeke of los standaarde wat bestel word en uitstuur van briewe.

2.4.4 Rekenaar en e-pos adres.

3. Werkswyse: Nasionale Beoordelaarsbeampte van die Suid-Afrikaanse Sierduifvereniging.

Standaarde Boeke:

Die Nasionale Beoordelaarsbeampte is verantwoordelik vir die berg van die meesterkopië van die Afikaanse en Engelse weergawes van die standaarde boeke. Volledige standaarde boeke word net op bestelling gedruk en versend. Enkel standaarde kan ook bestel word teen 'n prys soos van tyd tot tyd deur die Uitvoerende Komitee bepaal. Die besteller is verantwoordelik vir alle koste.

3.1 Beoordelaarslys / Meester register:

'n Meester register word in 'n hardeband boek op ras basis gehou. Alle nuwe beoordelaars word daarin aangeteken voordat 'n nuwe beoordelaarslys na afloop van elke jaar se SA Kampioenskapskou opgestel en aan die streke se Beoordelaarsbeamptes beskikbaar gestel word. Hierdie taak moet so gou moontlik gedoen word. Lede mag ook die beoordelaarslys teen 'n fooi soos deur die Uitvoerende Komitee bepaal aankoop.

3.2 Registrasie van beoordelaars:

Die Nasionale Beoordelaarsbeampte doen die registrasie van voorne-

Druk hierdie blad op die rugkant van die vorige blad

14.8 Te alle tye nugter en posetief wees.

14.9 Grondige kennis van die standaard van die ras wat beoordeel word.

14.10 Kalm van geaardheid en nie maklik opgewonde raak nie.

14.11 Bereid wees om altyd 'n student te bly en op hoogte te wees met veranderinge wat in die standaard mag ingetree het.

14.12 Beslistheid in optrede.

14.13 Aanvaar verantwoordelikheid vir jou beslissing.

15. Reëls waaraan voldoen moet word:

15.1 Mag nie beoordeel as hy/sy self duiwe vertoon of ander belange daar het nie.

15.2 Hy/sy en die helpers moet sober wees en geen drank gebruik tydens die beoordeling nie.

15.3 Mag nie beinvloed word deur die kennis van 'n duif of deur vriendskappe met 'n vertoner nie. Moet hom/haar slegs bepaal by die duiwe voor hom/haar.

15.4 'n Duif se reputasie op ander skoue mag nie 'n invloed op die uitslag hê nie.

15.5 Hy/sy mag nie toelaat dat enige omstander hom/haar beinvloed nie. So 'n persoon moet gewaarsku word dat indien hy/sy nie gehoor gee aan die waarskuwing nie die persoon die saal sal moet verlaat en die betrokke duiwe gediskwalifiseer kan word.

15.6 Alle duiwe moet korrek en versigtig hanteer word. Hierin is die beoordelaar die verantwoordelike persoon al hanteer die helpers die duiwe moet daar gesorg word dat dit op die korrekte manier gedoen word.

15.7 Duiwe wat volgens reëls in 'n loophok beoordeel moet word mag nie in die skouhok agterbly nie.

15.8 Alle duiwe moet beoordeel word , al is die duif ooglopend swakker as die ander moet dit nogtans 'n regverdige kans gegee word.

15.9 Helpers mag nie hul eie duiwe bevoordeel in die klasse waar hulle behulpsaam is nie.

15.10 Tiepe moet te alle tye voorkeur kry bo kleur en merke.

15.11 Duiwe waarvan die hokkaarte gemerk is moet nie beoordeel word nie.

15.12 Duiwe wat deur vertoners aan die beoordelaar geïdentifiseer is moet nie beoordeel word nie.

15.13 Beoordelaars, helpers en vertoners moet so optree dat ander duiwe in aangrensende hokke nie gesteur word nie.

15.14 Die huidige standaard moet te alle tye die maatstaf wees waarteen die duiwe gemeet word.

15.15 Beperk die aantal duie wat gelyk in 'n loophok geplaas word to 'n hanteerbare getal.

15.2 Toeken van spesiale pryse:

15.2.1 Neem alle klaswenners in ag.

15.2.2 Soek die beste duif uit deur eliminasie.

15.3 Beoordeel van hooftoekenings:

13.1 **Griewe prosedure:**

13.1.1 Indien enige vertoner ongelukkig voel oor die beoordeling moet hy/sy dit onmiddellik rapporteer aan die Streekbeoordelaarsbeampte of ander Bestuurslid van die betrokke streek. Die saak sal dan dadellik ondersoek en uitgesorteer word.

13.1.2 Indien die saak nie daar uitgesorteer kan word nie moet dit skriftelik na die Beoordelaarsforum verwys word sodat die forum se Dagbestuur daarna kan omsien.

13.1.3 Indien die Dagbestuur ook nie die saak kan uitklaar nie sal 'n komitee saamgestel deur die Beoordelaarsforum die saak indiepte ondersoek en so gou moontlik maar nie langer as drie maande aan die Beoordelaarsforum Bestuur terug rapporteer.

13.1.4 Indien so 'n vertoner dan nog nie tevrede sou wees nie kan hy/sy appel aanteken by die Uitvoerende Komitee wat dan die saak sal ondersoek en 'n finale aanbeveling maak.

13.1.5 Geen publisiteit sal onder enige omstandighede aan so 'n saak gegee word nie. Dit kan net die betrokke lid en in sekere omstandighede die SASV ook tot nadeel wees.

13.2 **Dissiplinêre prosedures:**

13.2.1 Die dissiplinêre prosedure soos vervat in die grondwet van die SASV word in geheel net so aanvaar.

13.2.2 Indien 'n grief ontvang word , ondersoek ingestel is en die betrokke beoordelaar het gefouteer kan daar teen so 'n persoon opgetree word.

13.2.3 'n Aangestelde komitee sal dan verdere ondersoek doen en 'n disseplinêre verhoor hou, na goedkeuring deur die Uitvoerende Komitee.

13.2.4 Die uitslag moet dan skriftelik aan die beoordelaar en klaer bekend gemaak word.

13.2.5 Die beoordelaar kan dan ook appel aanteken by die Uitvoerende Komitee indien hy/sy nie saamstem met die uitslag van die verhoor nie.

13.2.6 Die Uitvoerende Komitee se beslissing sal in die geval ook finaal wees en sal vir bekragtiging aan die Algemene Jaarvergadering voorgelê word. Indien die persoon 'n appèl na die Algemene Jaarvergadering rig, kan die besluit van die Uitvoerende Komitee ongedaan gemaak of bekragtig word met 'n twee-derde meerderheid van die lede op die Algemene Jaarvergadering teenwoordig.

14. Reëls en vereistes vir beoordelaars:

14.1 Eerlikheid te alle tye.
14.2 Onbevooroordeeldheid.
14.3 Regverdigheid.
14.4 Verantwoordelikheid
14.5 Goeie mense verhoudings.
14.6 Konsekwent wees.
14.7 Opregte liefde vir duiwe.

Druk nou hierdie blad op skoon papier

mende beoordelaars en koördineer die toetsbeamptes wat bestaan uit 'n Senior Beoordelaar en 'n spesialis beoordelaar van die betrokke ras, verkieslik aangewys deur die betrokke Spesialiteitsklub. Hy/sy vorder die registrasie gelde in, reik die nodige kwitansies uit en deponeer die geld in die bankrekening van die SASV. Sertifikate, wat aandui in watter ras die persoon geslaag het word uitgeryk en so gou moontlik aan die lid beskikbaar gestel.

3.3 Statistiek van skoue:

3.3.1 Die Sekretaris van die Beoordelaarsforum moet so gou moontlik (binne sewe dae) na afloop van 'n streekskou die statistiek van die betrokke skou bekom. 'n Uitdruk uit die rekenaarstelsel van die ras getalle word deur die Sekretaris/verantwoordelike persoon van die betrokke streek tesame met besonderhede van die top wenners (duif ras , vertoner en streek) aan die Sekretaris van die Beoordelaarsforum gestuur. Skou uitslae wat benodig word is net van skoue wat onder die vaandel van die SASV gehou word nl. Streek-, Jongduif-, Spesialiteitsklubskoue en ook duiwedae. Landbouskoue is uitgesluit.

3.3.2 Al die ras getalle word op 'n spryblad aangebring en die totale aantal duiwe geskou vir die jaar word bereken. 'n Verdere berekening word gedoen om te bepaal in watter ras is die meeste duiwe die jaar geskou. Die top tein rasse word normaalweg aangekondig. Hierdie boek word aan alle verkose Uitvoerende Komitee lede en Streekverteenwoordigers gegee. Die topwenners in kategorie volgorde word ook in die bundel opgeneem.

3.4 Willie de Bruyn trofee:

3.4.1 Die hoofdoel van die kompetisie om die trofee te wen is om lede te motiveer om ander streek skoue te ondersteun.

3.4.2 Die punte word as volg bereken;
Die aantal vertoners uit 'n besoekende streek word vermenigvuldig met die aantal duiwe wat deur hul vertoon is, bv. steek A het 10 vertoners by streek B se skou gehad en hul het 20 duiwe vertoon dus 10x20 = 200 punte. Die gasheerstreek verdien geen punte nie en indien daar twee streke op een dag saam skou, verdien die streek wat die skou daardie jaar aanbied geen punte nie.

3.4.3 Die wenner van die Willie de Bruyn trofee word op die vergaderimg van die Beoordelaarsforum Dagbestuur bekend gemaak en daarna op die eerste vergadering van die Uitvoerende Komitee. Die besonderhede soos ontvang word deur die Sekretaris vir een jaar gehou vir moontlike navrae.

3.5 Finansiële rekordhouding:

'n Grootboek word gehou waarin alle kwitansies wat namens die SASV uitgereik is aangeteken word. Die gelde moet so gou moontlik, verkieslik binne drie werksdae, gedeponeer word en maandeliks moet die groot-

boekblad, kwitansie afskrifte en deposito strokies aan die Nasionale Tesourier gestuur word indien daar enige beweging was. Enige uitgawes wat aangegaan word moet eers deur die Nasionale Tesourier en Nasionale President goedgekeur word. Jaarliks, veertien dae na finansiëlejaarsluiting word die volledige grootboek met alle stawende dokumente aan die Nasionale Tesourier gestuur vir ouditering en insluiting in die finansiële boeke.

3.6 Beoordeling tydens die SA Kampioenskapskou:

3.6.1 Tydens die SA Kampioenskapskou wys die Spesialiteitsklubs hul beoordelaar en alternatiewe beoordelaar vir die volgende SA Kampioenskapskou aan. Hierdie name moet so gou moontlik aan die Nasionale Beoordelaarsbeampte deurgegee word.

3.6.2 Tydens die SA Kampieonskapskou hou die Nasionale Beoordelaarsbeampte namens die Uitvoerende Komitee toesig oor die beoordeling en skakel met die Streekbestuur wat die skou aanbied wanneer en soos nodig. Hy/sy koördineer die finale beoordeling en dra sorg dat alle raswenners na vore gebring word sodra die betrokke ras klaar beoordeel is, sodat die Hoofbeoordelaar kan begin met sy taak. Hy/sy moet ook toesien dat daar geen inmenging van vertoner kant is nie.

3.7 Navrae/klagtes rakende beoordeling:

3.7.1 Navrae:

Alle navrae aan die Nasionale Beoordelaarsbeampte moet vinnig en met oorleg hanteer en afgehandel word.

3.7.2 Klagtes:

Alle klagtes van lede moet skriftelik wees. Geen mondelinge klagte sal hanteer word nie. Enige klagte in verband met beoordeling, beoordelaars, of ras standaard wat betrekking het op ‘n spesifieke klub moet as vertroulik beskou en op skrif met die betrokke klub opgeneem word. Die Dagbestuur van die Uitvoerende Komitee moet op hoogte gehou word van sulke gebeure. Die Nasionale Beoordelaarsbeampte moet waak teen oorhaastige uitsprake, neutraal bly en by die skoureëls, grondwet en reëls van die SASV hou.

3.8.3 Skakeling met Streke en Spesialiteitsklubs:

Dit is belangrik dat daar voortduurend skakeling met Streke en Spesialiteitsklubs is om te verseker dat almal op hoogte is met die verwikkelinge binne die SASV. Streke moet ook aangemoedig word om hul beoordelaars vroegtydig aan te kondig sodat vertoners kan besluit of hul wil inskryf of nie.

3.8 Skouskedule:

Die skouskedule word soos nodig in samewerking met die Spesialiteitsklubs hersien met betrekking tot die hoeveelheid kleurklasse

Druk hierdie blad op die rugkant van die vorige blad

die Beoordelaarsforum, om te verseker dat die klubs nog bestaansreg het en indien die bevinding van die Beoordelaarsforum negatief is sal ‘n voorstel aan die Uitvoerende Komitee gemaak word vir die ontbinding van so ‘n klub. Die Uitvoerende Komitee het dan volgens die grondwet van die SASV die reg op beslaglegging van alle fondse en vaste bates wat die klub mag hê.

11. Kleurklasse:

Alle Spesialiteitsklubs moet jaarliks op hul Algemene Jaarvergaderings hul wysigings ten opsigte van kleure en klasse bespreek en dit so gou moontlik na die betrokke SA Kampioenskapskou aan die Nasionale Beoordelaarsbeampte deurgee vir insluiting in die volgende skouskedule.

12. Nuwe rasse:

12.1 **Invoer van nuwe rasse:**

12.1.1 Wanneer nuwe rasse, wat nie in die land teenwoordig is nie, ingevoer word, word die volgende benodig:

12.1.1.1 Dat die invoerder die ras/se tesame met die standaard die land inbring.

12.1.1.2 Die invoerder die aansoek vir plasing van die ras in die skouskedule aan die Nasionale Beoordelaarsbeampte sal stuur vir verdere aandag.

12.1.1.3 Die ras-standaard moet in Afrikaans en Engels beskikbaar wees vir plasing in die standaardeboek. Vanaf die 2007 SA Kampioenskapskou moet die standaard eers deur die Senior Beoordelaars vergadering bespreek en aanvaar word.

12.2 Teel van nuwe rasse:

12.2.1 Aangesien daar lede is wat van tyd tot tyd nuwe rasse teel of ou rasse opspoor wat vroeër ingevoer was en verdwyn het sal die volgende benodig word:

12.2.1.1 Dat die teler van die nuwe ras ‘n beskrywende (geskiedenis) dokument wat aandui uit watter rasse die nuwe ras geteel is en hoe die ras die afgelope paar jaar ontwikkel het tesame met die standaard in Afikaans en Engels aan die Beoordelaarsforum beskikbaar stel. Die dokumente moet ook die rasnaam bevat. Indien dit ‘n ou ras is wat weer opgespoor is moet die standaard ook in Afrikaans en Engels aan die Beoordelaarsforum beskikbaar gestel word.

12.2.1.2 Die teler of opspoorder moet ook ‘n aansoek vir plasing van die ras in die skouskedule aan die Nasionale Beoordelaarsbeampte verskaf. Hierdie stuk moet die volledige kleurbeskrywings bevat.

12.2.1.3 Na goedkeuring deur die Beoordelaarsforum en Uitvoerende Komitee sal dit as nuwe ras aanvaar word.

12.2.1.4 Die standaarde sal nou in die standaardeboek opgeneem word.

13. Griewe - en Disseplinêre prosedures:

Toetsing word soos tans tydens die SA Kampioenskapskoue gedoen.
Tydens 'n prestige skou saam met 'n streekskou. Die betrokke klub doen hul reelings saam met die betrokke streek maar maak nie inbreuk op die streek se beoordelaars en tyd nie.
Tydens klub dae deur die jaar. 'n Minimum van ses (6) duiwe met verskillende jaar ringe moet beskikbaar wees.
Deurgaans moet 'n klub beoordelaar en 'n senior beoordelaar teenwoordig wees Die senior beoordelaar is slegs in 'n ondersteunende hoedanigheid.
In al die gevalle moet die administratiewe reelings vooraf met die Nasionale Beoordelaarsbeampte uitgeklaar / afgehandel word.

9.6 **Senior Beoordelaar:**
Om te kwalifisering moet die persoon sertifikate hê vir 80% van die afgelope vyf (5) jaar se top tien rasse. In die aansoek, wat by sy / haar streek ingedien moet word, moet aangedui word hoe betrokke hy / sy by skoue, duiwedae ens is. Daar sal ook gekyk word na die persoon se algemene gesindheid en omgang met lede.

10. Stigting van Spesialiteitsklubs:

10.1 **Inleiding:**
Verwys na punt 10.2 van die grondwet en 7.1 van die reëls.

10.2 Prosedure:
10.2.1 Ten einde as Spesialiteitsklub erken te word moet die ter stigte klub by die Beoordelaarsforum aansoek doen wat die versoek aan die Uitvoerende Komitee sal voorlê vir goedkeuring.
10.2.2 Hangende die aansoek om erkening deur die Uitvoerende Komitee, mag die ter stigte Spesialiteitsklub op informele basis organiseer ten einde die lewensvatbaarheid van die Spesialiteitsklub te fundeer.
10.2.3 Dit staan enige getal lede vry om so 'n voorgenome klub te organiseer op informele basis, op voorwaarde dat, indien die ras/se wat betrokke sal wees, reeds onder 'n ander klub sorteer, daar skriftelik aansoek gedoen en toestemming bekom sal word van die bestaande klub waar die ras/se ingedeel is vir die voorgenome stigting.
10.2.4 Aansoeke sal jaarliks oorweeg word. Die informele klub/s sal 90 (negintig) dae voor die SA Kampioenskapskou 'n skriftelike aansoek aan die Beoordelaarsforum rig met die volgende inligting:
10.2.4.1 Getal duiwe vertoon per jaar vir die afgelope 3 (drie) jaar.
10.2.4.2 Getal lede met volledige naam en adreslys.
10.2.4.3 Toestemmingsbrief van vorige klub/s van rasse betrokke.
10.2.4.4 Grondwet van voorgenome klub.

10.3 Evaluasie:
Alle Spesialiteitsklubs behoort elke drie jaar ge-evalueer te word deur

Druk nou hierdie blad op skoon papier

per ras. Alle aanbevelings moet via die Nasionale Beoordelaarsbeampte na die Uitvoerende Komitee gaan vir goedkeuring.

4. Posbeskrywing: Vise-Voorsitter

4.1 Kwaliteite:
Die Vise-Voorsitter met oor die volgende kwaliteite beskik:
4.1.1 Lojaal teenoor die Beoordelaarsforum en die SASV wees;
4.1.2 Grondige kennis van die SASV en Beoordelaarsforum se strukture en werking op nasionale- en streek grondslag hê;
4.1.3 Moet kan organiseer en 'n grondige kennis van vergadering prosedures hê;
4.1.4 Goeie menseverhoudinge handhaaf.

4.2 Hulpmiddels:
Hy/sy behoort oor die volgende hulpmiddels te beskik:
4.2.1 Opdatum ledelys van die SASV;
4.2.2 Adres en telefoonlys van al die beoordelaars;
4.2.3 Standaardeboek;
4.2.4 Rekenaar en e-pos.

4.3 Taakomskrywing:
4.3.1 Om die Voorsitter by te staan om die doelstellings van die Beoordelaarsforum uit te bou:
4.3.1.1 Onderlinge geskille tussen lede te voorkom en of op te los.
4.3.1.2 Aanmoediging deur persoonlike kontak en te help met bydraes in die Sierduif.
4.3.1.3 Knelpunte in die Beoordelaarsforum te help uitskakel.
4.3.1.4 Om die aktiwiteite van die Beoordelaarsforum te bemark, deur middel van leiding aan Streekbeoordelaarsbeamptes oor hoe hul take binne streekverband uitgevoer moet word.
4.3.1.5 Om akteif deel te neem aan aktiwiteite van die SASV en soveel moontlik skoue by te woon.
4.3.1.6 Om in te staan op vergaderings van die Beoordelaarsforum, Uitvoerende Komitee en Algemene Jaarvergadering indien die Voorsitter afwesig is.

5. Posbeskrywing: Sekretaris

5.1 Kwaliteite:
Die Sekretaris moet oor die volgende kwaliteite beskik:
5.1.1 Bekwame en entosiastiese organineerder wees;
5.1.2 Noukeurig kan rekord hou en pligte stiptelik uitvoer;
5.1.3 In staat wees om flink te korrespondeer;
5.1.4 Oor 'n grondige kennis van vergaderingprosedures beskik;

5.2 Hulpmiddels:

Die Sekretaris moet die volgende tot sy beskikking hê:

5.2.1 Volledige liasseerstelsel;
5.2.2 Volledige ledelys van die SASV;
5.2.3 Die standaardeboek en afskrifte van die grondwet.

5.3 Taakomskrywing:

5.3.1 Om die Voorsitter en Vise-Voorsitter by te staan in die uitbouing van die beeld van die Beoordelaarsforum.
5.3.1.1 Saam met die Voorsitter en Vise-Voorsitter die Dagbestuur van die Beoordelaarsforum te vorm.
5.3.1.2 Gereeld met die Voorsitter en Vise-Voorsitter te skakel.
5.3.1.3 Aktiewe deelname en belangstelling in die aktiwiteite van die Beoordlaarsforum te hê.
5.3.1.4 Om bydraes rakende die Beoordelaarsforum aan die Sierduif te lewer.
5.3.1.5 Saam met die Voorsitter leiding te neem by Beoordelaarsforum vergaderings en Algemene Jaarvergaderings.
5.3.1.6 Besprekingspunte op die agenda van die Beoordelaarsforum te plaas oor sake ontvang uit die streke, die agenda saam te stel en te versend of te laat plaas in die Sierduif.
5.3.1.7 Volledige notules van die vergaderings te hou.

6. Posbeskrywing: Streekbeoordelaarsbeampte

6.1 **Kwaliteite:**
Die Streek beoordelaarsbeampte moet oor die volgende bekwaamhede beskik:
6.1.1 Goeie organiseerder wees;
6.1.2 Goeie menseverhoudings hê;
6.1.3 Moet ‘n beoordelaar wees.

6.2 Hulpmiddels:
Moet oor die volgende hulpmiddels beskik:
6.2.1 Standaardeboek;
6.2.2 Skouskedule;
6.2.3 Nuutste lys van beoordelaars binne die SASV.

6.3 Taakomskrywing:

6.3.1 Enige toevoegings/wysigings deur die Uitvoerende Komitee goedgekeur insake beoordeling en standaarde aan sy/haar streek bekend te maak.
6.3.2. Hulp te verleen indien nodig met die daarstel/wysig van standaarde en die opstel van ‘n nuwe skouskedule tesame met Spesialiteitsklubs vir voorlegging aan die Beoordelaarsforum.
6.3.3. Verantwoordelik vir die ordelike beooreling op skoue binne sy/haar streek.
6.3.4 Saam met die streekbestuur verantwoordelik vir die uitnooi van be-

Druk hierdie blad op die rugkant van die vorige blad

8. Standaardeboek:

8.1 Inleiding:
Tydens die Algemene Jaarvergadering van die SASV van 1995 te Johannesburg, is die onderstaande stelsel goedgekeur vir die wysigings aan die standaareboek.

8.2 Kleurbeskrywings:
‘n Sub-komitee, bestaande uit die Nasionale Beoordelaarsbeampte en kundiges uit die Beoordelaarsforum of ander lede sal alle wysigings of toevoegings tot kleurbeskrywings koördineer om te verseker dat die beskrywing in lyn is met die van alle ander rasse wat reeds bestaan. Indien ‘n Spesialiteitsklub enige wysigings rakende kleur maak sal die klub dit aan die sub- komitee deurgee vir goedkeuring.

8.3 Wysiging van standaarde:
Enige wysiging aan ‘n rasstandaard behoort in pas te wees met die van die land van herkoms, die Amerikaanse of Eropese standaard. Geen standaard sal aanvaar word waar dit na die duif geneem word nie.

8.4 Druk van standaardeboeke:
8.4.1 Sedert 1996 word daar gepoog om elke vyf (5) jaar ‘n nuwe uitgawe van die standaardeboek in Afrikaans en Engels te druk. Voorsiening moet deurgaans gemaak word vir veranderinge en toevoegings.
8.4.2 Volledige boeke word net op bestelling gedruk, terwyl los standaarde van ‘n bepaalde ras/rasse teen die heersende tarief bestel kan word vanaf die Nasionale Beoordelaarsbeampte.

9. Bevordering van beoordelaars:
9.1 Tans is daar twee kategorië beoordelaars in die SASV, nl ‘n gewone of ras beoordelaar en Senior Beoordelaar.
9.2 Alle beoordelaars mag op alle skoue van die SASV optree in die ras/ rasse waarin hy/sy gekwalifiseer is.
9.3 Ten einde jou Provinsiale Beoordelaars balkie te verwerf moet die persoon op minstens twaalf (12) streekskoue onafhanklik beoordeel het.

9.4 Ten einde die toekening Nasionale Beoordelaar te verwerf moet die persoon op vier en twintig (24) streekskoue of ses (6) Nasionale Kampioenskapskoue onafhanklik beoordeel het. Een Nasionale Kampioenskapskou tel vir vier (4) steekskoue. In totaal moet dit gelyk wees aan vier en twintig (24) streekskoue.

9.5 **Toetsing van Beoordelaars**
Op die Julie 2008 vergadering van die Beoordelaarsforum met goedkeuring van die UK is die volgende goedgekeer.

7.4.17 Vertoners mag gedurende beoordeling teenwoordig wees maar mag geen kommentaar lewer nie.

7.4.18 Duiwe mag slegs volgens die program van die betrokke skou verwyder word.

7.4.19 Alle beoordelaars moet skriftelik uitgenooi word deur die skoubestuur met spesifieke vermelding van die rasse wat beoordeel sal word uitgesluit die SA Kampioenskapskou waar die betrokke Spesialiteitsklubs die beoordelaars nomineer en hulle dan skriftelik uitgenooi word deur die Nasionale Beoordelaarsbeampte. In alle gevalle behoort die beoordelaars in "Die Sierduif" gepubliseer te word voor die sluitingsdatum van die betrokke skou.

7.4.20 Enige bont duif kan gepenaliseer word met die totale punte toegelaat vir kleur in die betrokke ras.

7.4.21 Hokke moet in 'n netjies, skoon en parasietvrye toestand wees.

7.4.22 Indien 'n vertoner op 'n skou aankom en die skouhokke voldoen nie aan die neergelegde vereistes nie, het die vertoner die reg om sy/haar inskrywingsfooi terug te eis vanaf die streek en dan te besluit of hy/sy wil aangaan met die skou en of hy/sy, sy/haar duiwe gaan onttrek.

7.4.23 Die kleur van hokkaarte is as volg:
Ou mannetjies ~ wit,
Ou wyfies ~ groen,
Jong mannetjies ~ blou en
Jong wyfies ~ pienk.

7.4.24 Indien skouhokke gestapel word moet die rasse wat in skouhokke beoordeel word nie in die onderste rye geplaas word nie.

7.4.25 Daar moet rondings in die skouhokke vir die Holle Kroppers wees.

7.4.26 Waar 'n beoordelaar nie sy/haar weg oopsien om 'n eerste plek of raswenner toekenning in 'n bepaalde ras te maak nie, moet hy/sy die saak eers met 'n ander beoordelaar, verkieslik 'n Senior Beoordelaar, bespreek voordat die finale besluit geneem word.

7.4.27 Kleure vir plekplakkers : Indien die plek wat die duif behaal het nie op die plekplakker gedruk is nie moet daar asb by die volgende kleure gehou word;
Eerste in kleurklas — rooi
Tweede in kleurklas – blou
Derde in kleurklas – groen
Vierde in kleurklas – geel
Vyfde in kleurklas – swart
Beste ou mannetjie – 2x rooi
Beste ou wyfie – 2x rooi
Beste jong mannetjie – 2x rooi
Beste jong wyfie – 2x rooi
Beste ou duif –3x rooi
Beste jong duif – 3x rooi
Tweede beste in ras – 3x rooi plus silwer
Beste in ras – 3x rooi plus goud

Druk nou hierdie blad op skoon papier

oordelaars.

6.3.5 Hanteer van klagtes tydens die streekskou, en indien nodig te verwys na die Beoordelaarsforum.

6.3.6 Om die Beoordelaarsforum Dagbestuur en Beoordelaarsforum vergaderings by te woon.

6.3.7 Leersame artikels vir die Sierduif saam te stel.

6.3.8 Verantwoordelik om die skou uitslae, van alle skoue onder die vaandel van die SASV, binne sewe (7) dae na 'n skou aan die Sekretaris van die Beoordelaarsforum te voorsien.

7. Beoordelaars

7.1 Inleiding:

Op die Algemene Jaarvergadering van die SASV in 1995 te Johannesburg, is die onderstaande stelsel vir beoordelaars goedgekeur op voorstel van die Staande Beoordelaars Komitee met goedkeuring van die Uitvoerende Komitee. Onderstaande uiteensetting van die stelsel sal van toepassing wees op alle skoue wat deur streke onder die vaandel van die SASV aangebied word naamlik:

7.1.1 SA Kampienskapskou

7.1.2 Streekskoue

7.1.3 Jongduifskoue

7.1.4 Na-jaar of lente skoue

7.1.5 Spesialiteitsklubs word versoek om hul Prestige en klubskoue ook soos bogenoemde te bedryf. Die rede is dat hul statistieke deur die SASV bereken en erken word.

7.2 Beoordelaars: Streekvlak

7.2.1 Vergoeding:

Vergoeding van beoordelaars word deur die betrokke streek self onderhandel.

7.2.2 Benoeming van ras beoordelaars:

7.2.2.1 Streke moet jaarliks op hul Algemene Jaarvergaderings of so gou moontlik daarna beoordelaars benoem en skriftelik uitnooi sodat daar voldoende tyd is, sou een of meer nie beskikbaar wees nie, om 'n verandering te maak, voor publikasie in die Sierduif.

7.2.2.2 Spesialiteitsklubs het ook die voorreg om beoordelaars vir streek skoue te nomineer tydens hul Algemene Jaarvergaderings. Hierdie name moet so gou moontlik aan die streke deurgegee word. Indien die streek van so 'n persoon gebruik maak, het hul geen vergoedings verpligting teenoor daardie persoon nie.

7.2.2.3 Slegs SASV beoordelaars mag beoordeel. Internasionale beoordelaars mag gebruik word indien die Spesialiteitsklub/s so 'n reëling goedkeur.

7.2.3 Benoeming van Hoofbeoordelaar:

Streke behoort ook tydens hul Algemene Jaavergadering 'n Hoofbeoordelaar vir die volgende jaar se skou aan te wys. Hierdie persoon moet ook skriftelik uitgenooi word. Hierdie naam word saam met al die ander beoordelaars in die Sierduif gepubliseer. Die huidige besluit is dat die Hoofbeoordelaar slegs die interras beoordeling doen, van die senior sowel as junior duiwe.

7.2.4 Beperkings:

7.2.4.1 Die Hoof beoordelaar, op enige skou onder die vaaldel van die SASV, uitgesluit Prestige- en Spesialiteitsklubskoue, sal 'n aktiewe Senior Beoordelaar van die SASV wees. 'n Aktiewe Senioer Beoordelaar is 'n persoon wat aktief met sierduiwe boer en gereeld beoordeel. 'n Onaktiewe Senior Beoordelaar of beoordelaar mag wel as rasbeoordelaar gebruik word in rasse waarin hy/sy gekwalifiseer is.

7.2.4.2 Daar is 'n verdere beperking op die Hoofbeoordelaar, hy/sy mag wel in enige ras duiwe skou maar waar daardie inskrywings hul ras gewen het moet daardie duiwe oorgeslaan word by die finale beoordeling. Dit geld ook vir duiwe van enige naasbestaandes of vennoot van die betrokke persoon.

7.2.4.3 Slegs SASV Senior-Beoordelaars/goedgekeurde internasionale beoordelaars mag gebruik word by die aanwys van die hooftoekennings. Die Hoofbeoordelaar word deur die Streekbestuur aangewys tydens die streek se AJV.

7.3 SA Kampioenskapskou Beoordelaars

7.3.1 Vergoeding:

Geen beoordelaar sal enige vergoeding ontvag vir sy/haar dienste tydens 'n SA Kampioenskapskou nie.

7.3.2 Rasbeoordelaar:

7.3.2.1 Elke Spesialiteitsklub het die voorreg om jaarliks op hul Algemene Jaarvergadering 'n beoordelaar vir die volgende SA Kampioenskapskou te benoem, tesame met 'n tweede keuse indien nommer een vir een of ander rede nie kan optree nie. Hierdie name moet so gou moontlik aan die Nsionale Beoordelaarsbeampte deurgegee word.

7.3.2.2 Vir rasse waarvoor daar nie Spesialiteitsklubs bestaan nie is dit die verantwoordelikheid van die Nasionale Beoordelaarsbeampte om beoordelaars vir die spesifieke rasse aan te wys en uit te nooi.

7.3.3 Hoofbeoordelaar:

7.3.3.1 Die Hoofbeoordelaar asook 'n tweede keuse word jaarliks deur die Senior Beoordelaarsvergadering benoem vir die volgende jaar se SA Kampioenskapskou. Hierdie name word aan die Beoordelaarsforum deurgegee wat dit op die laaste Uitvoerend Komitee vergadering van

Druk hierdie blad op die rugkant van die vorige blad

die betrokke jaar bekend maak. Net soos met streekskoue doen die Hoofbeoordelaar geen ras beoordeling nie.

7.3.3.2 Slegs SASV Senior-Beoordelaars/goedgekeurde internasionale beoordelaars mag gebruik word by die aanwys van die hooftoekennings met dien verstande dat die betrokke beoordelaar of sy gesinslede nie belange in die finaal het nie.

7.4 Reëls in verband met beoordeling van toepassing tydens die aanbied van skoue:

7.4.1 Birmingham Rollers en SA Afstand Rollers is die enigste duiwe wat toegelaat word om met 'n rollerklub of SASV ring te skou asook 'n persoonlike ring aan die ander been, maar die persoonlike ring moet toegeplak wees.

7.4.2 Slegs duiwe met SASV ringe of ringe van erkende binne- en buitelandse klubs mag as jongduiwe geskou word.

7.4.3 Duiwe wat na 'n skou gebring word vir verkoop, moet vry wees van alle parasiete en die eienaar moet vooraf met die skoubestuur reël vir ordentlike afsonderlike geriewe.

7.4.4 Alle skouhokke moet van 'n agtergrond voorsien word en die ente van rye moet behoorlik bedek wees.

7.4.5 Skouhokke moet volgens die riglyne van die SASV beskikbaar wees vir alle rasse, soos aangedui in paragraaf 17.

7.4.6 Voldoende loophokke van die regte grootte en tipe moet beskikbaar wees vir beoordeling.

7.4.7 Voldoende addisionele skouhokke van die regte grootte moet op alle skoue beskikbaar wees vir alle senior sowel as junior raswenners. Die hokke moet voor beoordeling aan alle beoordelaars en vertoners uitgewys word en moet sovêr moontlik nie deel van die normale skouhokke wees nie.

7.4.8 Rasbeoordelaars beoordeel die senior en junior duiwe aan hom/haar toegeken, en die Senior Beoordelaar van die dag beoordeel so ver as moontlik slegs die hooftoekennings.

7.4.9 Die beoordelaar(s) se beslissing is finaal in alle gevalle.

7.4.10 Rasbeoordelaars is verantwoordelik vir die vorentoe vat van alle raswenners soos deur hom/haar beoordeel.

7.4.11 Siek duiwe of duiwe met lewendige parasiete sal summier uit die skousaal verwyder word.

7.4.12 Beoordelaars het die reg om eie diskresie te gebruik aangaande duiwe met "pinholes."

7.4.13 Enige wangedrag deur vertoners tydens beoordeling sal streng optrede tot gevolg hê.

7.4.14 Duiwe word op die eienaar se risiko vertoon.

7.4.15 Duiwe is gedurende die skou onder die betrokke skoubestuur se beheer.

7.4.16 Geen persoon word toegelaat om ander vertoners se duiwe sonder toestemming te hanteer nie.